- Gee die werkers voordele om hom/haar as werker te behou. √√

**(Maks.
10)**

Nota: Indien 'n leerder nie die uitdagings en swakhede identifiseer het nie by die SWOT analise nie allokier 'n maksimum van 6 punte toe.

5.2.5 Evaluering van strategieë

- Nadat bogenoemde strategieë geïmplementeer is, moet die strategieë geëvalueer word om te bepaal of die strategieë suksesvol is al dan nie. √√
- Daardie strategieë wat nie suksesvol was nie, moet hersien word deur alternatiewes te implementeer. √√
- Stel spesifieke datums op vir kontrole en opvolgings. √√
- Eksamineer die onderleggende basis van besigheidstrategie. √√
- Vergelyk verwagte werkverrigting en neem korrektiewe aksie. √√
- Voer marknavorsing uit en berei verslag voor.

**(Maks.
10)**

5.3 Gevolgtrekking

- Strategiese beplanning en implementering is 'n deurlopende proses en moet op 'n gereelde basis hersien word. √
- Topbestuur moet die hersiening gereeld doen ten einde sukses en volhoubaarheid van die besigheid te verseker. √
- Enige toepaslike gevolgtrekking.

(2 x 1)(2)

Uiteensetting van punttoekenning:

Besonderhede	Maksimum	Subtotaal	Totaal
Inleiding		3	Maks 32
Visieverklaring	2	44	
Stel van doelwitte en mikpunte	2		
Swot-analise	20		
Formulering/implementering	10		
Evaluering van strategieë	10		
Gevoltrekking		2	
INSIG			
Struktuur/Uitleg			2
Analise, interpretasie			2
Sintese			2
Oorspronklikheid, voorbeelde			2
TOTALE PUNTE			40

- SASO – Vir elke komponent
Ken 2 punte toe indien aan alle vereistes voldoen is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.

VRAAG 6 (LU 2 AS 7)

6.1 Inleiding

- Die drie vorme van verpligte versekering is uiters voordelig vir die eisers. ✓
- Dit voorsien 'n bron van finansiële verligting aan die eisers as gevolg van werkloosheid, beserings en ongelukke. ✓
- Die drie tipes verpligte versekering is Werkloosheidversekeringsfonds, Vergoeding vir Beroepsverwante Beserings en siektes en die Padongelukkefonds. Die hoofvoorsienings sal in detail bespreek word. ✓
- Enige ander inleiding in verband met versekering.

(Maks. 3)

6.2 Die Werkloosheidversekeringsfonds. ✓✓

- Die Wet op Werkloosheidversekering 2001 (Wet 63 van 2001,) het in werking gekom vanaf 1 April 2002. ✓✓
- Hierdie wet beheer die Werkloosheidversekeringsfonds wat deur die departement van arbeid bestuur word. ✓✓
- ✓✓ Alle werknemers wat vir meer as 24 uur per maand werk moet tot die fonds bydra.
- Dit is onwettig vir werkgewers om nie die aftrekking van jou verdienste te neem nie. ✓✓
- Hulle moet geregistreer word by die WVF en bydra tot die WVF. ✓✓
- Die werkgewer is verantwoordelik vir die registrasieproses by die WVF. ✓✓
- Die werkgewer en werknemer moet 1% van die werknemer se maandelikse salaris betaal. ✓✓
- Die totale bydrae wat aan die fonds betaal moet word, is dus 2%. ✓✓
- Bydraes kan maandeliks en jaarliks vooruit, per tjek of in kontant of op die WVF se regeringswebblad betaal word. ✓✓
- Onlangs is plaaswerkers en huishoudelike werkers ook gedek deur die WVF. ✓✓
- Die WVF dek VYF soorte voordele:
Werkloosheidsvoordele, siektevoordele, bevallingsvoordele, aannemingvoordele, doodvoordele. ✓✓ (Ken 'n maksimum van 4 punte vir voordele toe)
- Die WVF gee finansiële verligting aan werkers wat werkloos raak (afgedank), ongeskik raak om te werk as gevolg van siekte, bevallings of aannemingverlof. ✓✓
- Die WVF betaal ook voordele aan afhanklikes van afgestorwe bydraers uit. ✓✓
- Werkers bou 1 dag krediet op vir elke ses dae gewerk. ✓✓
- Voordele word tot 'n maksimum van 238 dae of die maksimum aantal dae krediet geakkumuleer oor 4 jaar uitbetaal. ✓✓
- Hoogs betaalde werkers word 38% van die gemiddelde maandelikse salaris oor die laaste ses maande betaal en die laags betaalde werkers ontvang 58%. ✓✓
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot die voorsienings van die WVF. ✓✓

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 4 x 2)	(8)
Maksimum	(10)

6.3 **Kompensasie vir Beroepsverwante Beserings en Siektes (KBBS)/Werkloosheidsversekeringsfonds.** √√

- Die Wet op Kompensasie vir Beroepsverwante Beserings en Siektes 1993 (Wet 130 van 1993), soos gewysig, beheer werkers se kompensasie. √√
- Hierdie wet verplig werkgewers om hulle werknemers wat sekere tipe werk doen soos in die wet gedefinieer, teen ongeskiktheid as gevolg van beserings, beroepsverwante siektes of dood gedurende die uitoefening van hulle werk, te verseker. √√
- Vergoeding word betaal aan die werkers of hulle afhanklikes vir tydelike of permanente ongeskiktheid of dood. √√
- Hierdie vorm van verpligte versekering dek die werkgever teen eise van werknemers as gevolg van beserings of siektes opgedoen in die werkplek. √√
- Die wet dui duidelik die tipe beserings aan waarvoor geëis kan word en die beroepsverwante siektes met betrekking tot die tipe werk wat gedoen word. √√
- Die wet stipuleer slegs werkgewers wat die fonds bydra. √√
- Werknemers word versoek om onmiddellik aan die werkgever te rapporteer in geval van enige beserings/siektes, wat dan die werkers verwys vir 'n mediese ondersoek vir 'n volledige verslag. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot die voorsiening van die KBBS. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 4 x 2)	(8)
Maksimum	(10)

Nota: sal slegs hierdie jaar gevra word.

6.4 **Die Padongelukkefonds.** √√

- Die Wet op die Padongelukkefonds 1996 (Wet 56 van 1996) , verseker persone teen beserings opgedoen deur die toedoen van 'n ander bestuurder. √√
- Nagenoeg 46 sent per liter brandstof (bedrag kan verander ooreenkomstig wetgewing op verskillende tye) word betaal aan die Padongelukkefonds in die vorm van 'n versekeringspaaient. √√
- Hierdie versekering dien om die beseerde party sowel as die nalatige bestuurder wat die ongeluk veroorsaak het, te beskerm. √√
- Die beskerming wat die beseerde party toekom is dat daar kompensasie sal wees ongeag of die nalatige bestuurder ryk of arm, verseker of onverseker is. √√
- Die POF vrywaar slegs die bestuurder om te kompenseer vir verliese gelyk as gevolg van liggaamlike beserings opgedoen, of die dood van 'n persoon en nie vir skade aan besittings/eiendom nie. √√
- Die POF betaal skadevergoeding aan bestuurders, passasiers en voetgangers wat beseer is in ongelukke op voorwaarde dat die ongeluk die resultaat is van iemand anders se nalatige bestuur. √√
- Wysigings tot die POF in Augustus 2008 is as volg:
 - Eise slegs vir ernstige beserings opgedoen soos bepaal deur mediese kenners. √√
 - Eise vir die verlies van inkomste is beperk tot R160 000 per jaar. √√
 - In geval van dood deur padongelukke, is afhanklikes beperk tot 'n maksimum eis van R160 000, ongeag die aantal afhanklikes. √√
 - Eise vir sekondêre emosionele skok soos ooggetuies tot 'n padongeluk word nie meer oorweeg nie. √√
 - Eise vir mediese uitgawes word beperk tot tariewe gehes deur publieke gesondheidsentrums. √√

- Enige ander relevante antwoord verwant tot die padongelukke fonds.

Opskrif (2)
Bespreking (enige 4 x 2) (8)
Maksimum (10)

LET WEL: Enige twee tipes verpligte versekering x 10 = 20 punte

6.5 Onderskei tussen Verpligte en Nie-verpligte Versekering.

Verpligte Versekering:

- Hierdie tipe versekering word verpligtend gemaak deur wetgewing, bv. Werkloosheidversekeringfonds, Kompensasie vir Beroepsverwante Beserings en Siektes en die Padongelukkefonds. √√
- Hierdie is wettige vereistes wat maatskappye moet gehoorsaam deur die nodige betalings vir premies te maak aan die noodsaaklike fondsrekening. √√
- Hierdie versekering beskerm beide die verweerders (bv. werkgewers) en eisers (bv. werknemers). √√
- Vergoeding vir eise word betaal uit die fondsrekening. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot verpligte versekering.

(enige 3 x 2) (6)

Nie-Verpligte Versekering:

- Dit word nie deur wetgewing verpligtend gemaak nie. √√
- Dit hang van die vermoë van die besigheid af om verliese veroorsaak, bv. brand, stormskade, diefstal, inbraak, ens, te oorkom. √√
- Die bogenoemde risiko's kan verskuif word na versekeringsmaatskappye vir 'n premie. √√
- Enige ander relevante antwoord verwant aan nie-verpligte versekering.

(enige 3 x 2 = 6)

6.6 Verduidelik waarom sekere versekerings verpligtend gemaak moet word.

- Om die onderneming te vrywaar teen eise van werknemers. √√
- Om vergoeding te voorsien aan werknemers gedurende werkloosheid, beserings opgedoen in die werkplek. √√
- Voorsien vir vergoeding vir beserings, dood van broodwinners in padongelukke. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot verpligte versekering.

(enige 3 x 2 (6)

6.7 Gevolgtrekking

- Vanuit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat verpligte versekering soos per wetgewing bv. WVF, KBBS en POF van uiterste belang is om sekuriteit en skadeloosstelling aan eisers te voorsien. √
- Verder moet besigheidspersone die gevolge begryp van onderversekering en nie-versekering in terme van verliese by bv. brand, diefstal, inbraak, ens. √
- Sou die besigheidspersoon geen versekering hê nie, sal daar geen eis wees nie en die besigheidspersoon moet die verlies verdra. √
- Enige toepaslike gevolgtrekking.

(enige 2 x 1 = 2)

Uiteensetting van punttoekenning:

Besonderhede	Maksimum	Verminder na	Subtotaal	Totaal
Inleiding			3	
WerkloosheidVersekeringsFonds	Opskrif 2	ENIGE 2 Tipes VERPLIGTE VERSEKERING (2 X 10)(Maks) = 20	34	MAKSIMUM 32
	Bespreking 8			
Kompensasie vir Beroepsverwante Beserings en Siektes	Opskrif 2			
	Bespreking 8			
Padongelukkefonds	Opskrif 2			
	Bespreking 8			
Onderskei tussen verpligte en nie-verpligte versekering	Verpligte 6	Maks 8		
	Nie-verpligte 6			
Verduidelik waarom sekere versekerings verpligtend gemaak moet word.	Bespreking 6	Maks 6		
Gevolgtrekking			2	
INSIG * (SASO)				
Struktuur/Uitleg				2
Analise, Interpretasie				2
Sintese				2
Oorspronklikheid, Voorbeelde				2
TOTALE PUNTE				40

- SASO – Vir elke komponent
Ken 2 punte toe indien aan alle vereistes voldoen is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.

VRAAG 7 (LU3 AS3)

7.1 Inleiding

- Ondernemings besef dat hulle nie in isolasie kan bestaan nie, maar handel met die verskeie omgewings. ✓
- Baie instellings in Suid-Afrika het hulle eie gedragskode en is verbind tot etiese en professionele gedrag. ✓
- Gebruikskodes is ontwikkel om te verseker dat hierdie sake aandag geniet. ✓
- Enige ander relevante antwoorde verwand tot inleiding.

(3 x 1)

(3)

7.2 Beskrywing van konsepte/beginsels

7.2.1 Etiek

- Etiek verwys na 'n stel waardes wat moreel aanvaarbaar is in die gemeenskap en wat korrekte, goeie en regverdige aksies definieer. ✓✓
- Sake-etiek verwys na reëls en beginsels wat die beste sakepraktyk beïnvloed. ✓✓
- Besighede ontwikkel hulle eie gebruikskodes vir beste praktyke. ✓✓
- Enige relevante antwoord met betrekking tot die konsep van etiek.

(enige 2 x 2) (4)

7.2.2 Professionele gedrag

- Dit is 'n stel standaard van verwagte praktyke, byvoorbeeld om mense met respek te behandel. ✓✓
- Spesifieke beroepspraktyke het hulle eie kodes van professionalisme ontwikkel. ✓✓
- Enige relevante antwoord met betrekking tot die konsep van professionele gedrag.

(enige 2 x 2) (4).

EN/OF

7.2.3 Beginsels van etiese en professionele gedrag.

- Persoonlike voordeel vir die individu. ✓✓
- Sosiale voordeel vir die gemeenskap. ✓✓
- Gee geld vir die in nood. ✓✓
- Paternalisme met die hulp om hul belang te beskerm. ✓✓
- Beginsel om nie leed aan ander te doen nie. ✓✓
- Eerlikheid en nie ander se besittings wederregtelik te neem nie. ✓✓
- Wetgehoorsaamheid om die wet te gehoorsaam. ✓✓
- Beginsel van geregtigheid vir wettige regspleging, billike kompensasie.
- Outonomieit en vryheid van persoon se aksies.
- Beginsel van reg om te leef, inligting, privaatheid, vrye uitdrukking van idees en veiligheid.

- Die Raad van direkteure is verantwoordelik vir aandeelhouers se belang.
- Elke besigheid moet n raamwerk skep waarin dit funksioneer.
- Organisasie struktuur moet goed geformuleer word.
- Risiko bestuur moet geïnkorporeer word in die algemene bestuur.
- Versekerings prosesse
- Sake van volhoubaarheid.
- Enige ander verwante antwoord.

(enige 4 x 2 = 8)
Maks:(7.2) = 8 punte

7.3 Praktiese voorbeelde om die verskillende sake te bespreek:

7.31 Belasting √√

- Die regering benodig inkomste van belasting om noodsaaklike dienste soos behuising, infrastruktuurontwikkeling en mediese sorg te verskaf. √√
- Professionele gedrag vir besighede in hierdie opsig sal wees vir besighede om nie belasting te ontduik deur finansiële rekords te vervals nie. √√
- Maatskappybelasting, BTW en persoonlike-inkomstebelasting is sommige van die hoofbronne van inkomste vir die regering. √√
- Belastingontduiking is onwettig in Suid-Afrika en word beskou as 'n misdad wat met 'n boete of selfs tronkstraf bestraf kan word. √√
- Die SAID is in beheer van die invordering van belasting. √√

Kommetaar

- Onlangse belastinginvordering in Suid-Afrika het begrotingsverwagtinge oorskrei. √√
- Dit is meer vaartbelyn gemaak met die bekendstelling van die SAP-stelsel. √√

Enige ander antwoord wat verband hou met die kwessie en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

7.3.2 Seksuele teistering √√

- Dit is enige seksuele toenadering, gebaar of opmerking wat veroorsaak dat 'n persoon geïntimideerd of bedreig voel. √√
- Seksuele teistering word deur arbeidswetgewing verbied en maatskappye moet hulle werknemers oor hierdie saak opvoed. √√
- Seksuele teistering is 'n basiese skending van menseregte wat gewoonlik gebeur wanneer iemand mag oor 'n ander persoon het en sy posisie misbruik. √√
- Seksuele teistering gebeur wanneer 'n gesagspersoon bevordering of 'n salarisverhoging aanbied in ruil vir seksuele gunsies van die ondergeskikte. √√
- Die geaffekteerde party is gewoonlik bang om dit te rapporteer as gevolg van viktimisering. √√

Kommentaar

- Daar is 'n toename in die getal seksuele oortredings en die howe hanteer hierdie sake. √√

Enige ander antwoord wat verband hou met seksuele teistering en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

7.3.3 Pryse van goedere in landelike gebiede √√

- Dit is goeie besigheidspraktyk en professionele gedrag om dieselfde prys vir goedere te hê in stedelike en landelike gebiede. √√
- Groot besighede is traag om winkels in landelike gebiede te open, omdat dit 'n swak opbrengs op hulle belegging sal wees. √√
- Dit is algemene praktyk vir mense in landelike gebiede om hoër pryse te betaal vir goedere wat in die meeste gevalle van minderwaardige kwaliteit is. √√
- Pryse van goedere in hierdie gebiede word algemeen gebaseer op die persoonlike eienskappe van die verbruikers √√

Kommentaar

- Die regering fokus op infrastruktuurontwikkeling in landelike gebiede. √√
- Dit sluit inkopiesentrums in. √√

Enige ander antwoord in verband met pryse van goedere in landelike gebiede en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

7.3.4 Onbiline advertensie √√

- Die Adverteringstandaarde-owerheid (ASO) reguleer advertering en beskerm die belange van die publiek. √√
- Advertensies moet eerlik wees en moet nie die verbruiker se vertroue of gebrek aan kennis skade aandoen nie. √√
- Sommige besighede gebruik misleidende advertering aan verbruikers sodat hulle meer waarde vir hulle geld kan kry deur die produkte te ondersteun. √√
- Verbruikers word aangemoedig om geskrewe klagtes by die ASO in te dien oor onetiese adverteringspraktyke. √√
- Voorbeelde van onetiese praktyke: adverteer tweedehandse goedere as nuut √√

Kommentaar

- Die ASO is die waghond en verskeie advertensies is al teruggetrek. √√

Enige ander antwoord in verband met die kwessie en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

7.3.5 Ongemagtige gebruik van fondse √√

- Bedrog is die diefstal of misbruik van geld wat aan die werkgewer behoort. √√
- Bedrog verhoog die koste om besigheid te doen, beïnvloed kompetisie en ontmoedig beleggers deur pryse opwaarts aan te pas om die verliese te absorbeer. √√
- Besighede moet opvoedingswerk tussen werknemers doen oor die impak van bedrog en moet begryp dat bedrog 'n kollektiewe verantwoordelikheid is. √√
- Stelsels moet in plek wees om bedrog te verminder deur byvoorbeeld interne audit en risikobestuur. √√
- Mense wat vertrou word met die invordering van groot bedrae geld, het geld geneem vir eie gewin. √√

Kommentaar

- Bedrogsake word in die media uitgelig. √√
- Verskeie sake oor bedrog is in die hof aangehoor. √√

Enige ander antwoord in verband met die kwessie en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

7.3.6 Misbruik van werktyd √√

- Baie besighede ondervind die probleem dat werknemers werksure gebruik vir hulle persoonlike aktiwiteite. √√
- Die besighede moet 'n beleid opstel vir werknemers oor die misbruik van werkstyd, soos persoonlike oproepe, die stuur van persoonlike e-posboodskappe en rondblaai op die Internet wat nie verband hou met hul werkspligte gedurende werkstyd nie. √√
- Besighede moet tydkontrolestelsels en tydaantekenprosedures implementeer. √√
- Daar moet aanpasbaarheid wees wanneer werkers pligsgetrou is, lang ure werk en amptelike pousetye mis wanneer daar dringende werk is wat gedoen moet word. √√

Kommentaar

- Baie van hierdie sake is deur middel van grieweprosedures hanteer. √√

Enige ander antwoord in verband met die misbruik van werkstyd en die toepassing daarvan.

Opskrif (2)
Feite (enige 2 x 2)(4)
Kommentaar (enige 1 x 2)(2)
Maks. (8)

Nota: Oorweeg die volgende antwoorde:

- **Regstellende aksie en diversiteit van besigheid.**
- **Tegnologie en innovering**
- **Prys vasstelling**
- **Misbruik van besigheid bates/hulpmiddele.**
- **Onwettige storting van afval.**

7.4 Gevolgtrekking:

- Beleid en wetgewing wat geïmplementeer is, moet deurlopend gemonitor en verbeter word om tot 'n suksesvolle besigheid te lei. ✓
- Winsgewendheid word gereeld deur elk van die bogenoemde sake geraak. ✓
- Enige gepaste gevolgtrekking.

(2 x 1 = 2)

Uiteensetting van punttoekenning:

Besonderhede	Maksimum	Subtotaal	Totaal
Inleiding		3	Maksimum 32
Beskrywing van etiek	4	64	
Beskrywing van professionele gedrag	4		
Beginsels van etiek en profesionele gedrag	8		
Praktiese voorbeelde om die verskillende sake te bespreek			
Belasting	8		
Seksuele teistering	8		
Prysbeplanning van goedere in landelike gebiede	8		
Onregverdigde advertering	8		
Ongemagtigde gebruik van fondse	8		
Misbruik van werkstyd	8		
Gevolgtrekking		2	
INSIG			
Struktuur/Uitleg			2
Ontleding, interpretasie			2
Sintese			2
Oorspronklikheid, voorbeelde			2
TOTALE PUNTE			40

- SASO – Vir elke komponent
Ken 2 punte toe indien aan alle vereistes voldoen is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.

VRAAG 8

Nota: Daar is ander moontlike benaderings wanneer antwoorde vir VRAAG 8 aangebied word.

OPSIE 1: Aangespreek in memo.

Opsie 2: Gebruik drie stappe

1. Werwing
2. Keuring
3. Plasing

Opsie 3: Gebruik vier stappe

1. Werwing
2. Keuring
3. Plasing
4. Induksie

Terwyl hierdie benaderings onder die huidige omstandighede aanvaarbaar is, moet elke poging aangewend word om te verseker dat die punte toegeken word ooreenkomstig die uiteensetting aangedui aan die einde van die vraag.

NOTA: Oorweeg Mannekragbeplanning as een van die stappe.

8.1 Inleiding

- Menslikehulpbronne-bestuur behels die proses om die geskikte werker met relevante vaardighede te vind om 'n spesifieke pos te vul om die doelwitte van die onderneming te bereik.√
- Hierdie proses behels werwing, keuring, onderhoude, induksie en plasing.√
- Menslikehulpbronne-bestuur is 'n deurlopende bestuursfunksie.√
- Enige ander gepaste antwoord wat verband hou met menslikehulpbronne-bestuur.

(enige 3 x 1)

(3)

8.2. Menslike hulpbronne/Stappe (Opsie 1)

8.2.1 Werwing√√

- Indien ekstern, kies die relevante werwingsbron, byvoorbeeld werwingsagentskappe, tersiêre instellings of plaas 'n advertensie in die koerant.√√
- Die advertensie moet met die relevante inligting voorberei word, byvoorbeeld die naam van die maatskappy, kontakbesonderhede, naam van die persoon wat oor die vakante pos gekontak moet word.√√
- Plaas die advertensie in die gepaste media.√√
- Posontleding √√
Posontleding behels 'n posbeskrywing en posspesifikasie.√√
- Posbeskrywing √√
Dit verduidelik wat die werknemer wat in die posisie aangestel is, gaan doen. √√
- Posspesifikasie√√
Beskryf die eienskappe, vaardighede en kwalifikasies wat benodig word om die vakante pos te vul.√√
- Enige gepaste antwoord wat verband hou met werwing.

Belangrikheid

- 'n Besluit moet geneem word of die werwing intern of ekstern of beide moet wees. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.2 Keuring/Kortlys √√

- Stel kriteria op wat faktore soos vaardighede, eienskappe en ervaring noem wat op die pos van toepassing is. √√
- Kies die geskikste kandidate uit die aansoekvorms (CV). √√
- Stel 'n kortlys saam van kandidate wat die geskikste is vir die werk. √√
- Stel kandidate in kennis om hulle beskikbaar te stel vir 'n onderhoud. √√
- Enige gepaste antwoord aangaande die keuring/kortlyproseses.

Belangrikheid

- Keuring is die proses om die geskikste kandidaat vir die spesifieke vakante pos te vind. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.3 Onderhoude √√

- Die onderhoudvoerder moet deeglik voorbereid wees vir die onderhoudproses, soos lokaal, tyd, voorbereiding van vrae, ensovoorts. √√
- Die kandidate moet op hulle gemak gestel word. √√
- Die proses moet opgeneem/genotuleer word vir verwysingsdoeleindes. √√
- Die kandidate moet ook 'n geleentheid gegun word om terugvoer te gee en vrae te vra. √√
- Enige ander gepaste antwoord in verband met onderhoude √√

Belangrikheid

- Die hoofdoel van onderhoude is om die geskiktheid van die applikant vir die werk te bepaal teen die inligting wat in sy/haar CV/aansoekvorm verskaf is. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.4 Werknemer kontrakte √√

- Sodra 'n kandidaat aangestel is, sal hy/sy 'n aanstellingsbrief en 'n indiensenemingskontrak van die werkgewer ontvang. √√
- Die aanstellingsbrief dien as 'n aanbod aan die suksesvolle kandidaat om vir 'n bepaalde werkgewer te werk. √√
- Die indiensenemingskontrak is 'n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat bindend is vir beide die werkgewer en die werknemer. √√
- Die indiensenemingskontrak moet skriftelik wees. √√
Die volgende is 'n opsomming van die minimum inligting wat in 'n diensenemingskontrak behoort te wees:

- Datum van aanstelling √√
- Salaries soos ooreengekom √√
- Aantal daeverlof in 'n finansiële jaar √√
- Spesifikasie van werk wat gedoen moet word. √√
- Klere en gedrag kode

Belangrikheid

- Bind die werknemer en werkgewer wettiglik. √√
- Indien enige dispute, kan hulle na die kontrak wend. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.5 Induksie/Oriëntering √√

- Stel hom/haar voor aan die werk wat hy/sy gaan doen. √√
- Die doel is om hom/haar gemaklik en veilig te laat voel in die werk. √√
- Hy/Sy moet ook bekendgestel word aan die maatskappy se praktyke en beleid. √√
- Enige ander gepaste antwoord in verband met induksie/oriëntering.

Belangrikheid

- Dit is die proses om die nuwe werknemer voor te stel aan die maatskappy, die departement/afdeling waarin hy/sy sal werk, sy/haar toesighouer en kollegas. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.6 Plasing √√

- Hierdie aktiwiteit pas die werknemer se vermoë en verwagtinge by die vereistes van die werk. √√
- Hy/sy moet in staat wees om positief tot die maatskappy by te dra. √√
- Hy/sy sal aan 'n plasingprogram deelneem, soos sy/haar werkplek, werktjye, wat deur die dag van hom/haar verwag word, ensovoorts. √√
- Enige ander gepaste antwoord in verband met plasing.

Belangrikheid

- Dit is die proses om die werker te plaas waar hy produktief sal wees in terme van sy vermoëns en vaardighede. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.7 Opleiding √√

- Kyk na gapings in vorige ondervinding. √√
- Beleide en prosedure. √√
- Stel die kultuur, visie en strategiese plan in werking. √√

- Enige ander relevante antwoord rakende opleiding.

Belangrikheid

- Voorsien die werknemer met vaardighede wat hom/haar in staat stel om sy/haar pligte soos per posbeskrywing te vervul. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.8 Aflegging √√

- Nodig vir vaartbelyning en analisering van uitgawes gedurende afwaartse periodes in die ekonomie. √√
- Verseker dat die proses uitgevoer word op 'n wyse wat nie die kwaliteit werkverrigting van die maatskappy se werksaamhede sal skade aandoen nie. √√
- Word onpartydig in ooreenstemming met maatskappybeleid gedoen. √√
- Enige ander relevante antwoord met betrekking tot afdanking.

Belangrikheid

- Dit sal 'n impak op die onderneming hê omdat sommige sleutelpersoneel af gedank mag word as gevolg van die ekonomie, ens. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.2.9 Opvolgingbeplanning √√

- Verseker kontinuïteit wanneer werknemers die maatskappy verlaat as gevolg van verskillende redes. √√
- Dit help ook om aandag aan gebiede van werkverrigting wat aandag vereis, te gee √√ aandag aan. √√

Belangrikheid

- Hierdie stap sal verseker dat sleutelpersoneel goed ingelig binne die onderneming is. √√

Opskrif	(2)
Bespreking (enige 3 x 2)	(6)
Belangrikheid	(2)
Maksimum	(8)

8.7 Moet menslikehulpbronne-bestuurders die verskeie aktiwiteite/stappe te alle tye volg?

Ja. √√

Motivering

- Die menslikehulpbronne-bestuurder sal in staat wees om die beste kandidaat te kies deur die bogenoemde stappe te volg. √√
- Deursigtigheid en versameling van bewyse vir die proses, wat ook waardevol kan wees in geval van 'n dispuut.
- Enige ander gepaste motivering wat verband hou met die stappe.

Ja (2)
Motivering (2)
Maks. (4)

Nee. √√

Motivering

- Die menslikehulpbronne-bestuurder kan die werwingsproses uitkontraakteer deur arbeidskonsultante te gebruik. √√
- Sommige van die stappe vir interne werwing kan oorgeslaan word vir interne werwing. √√
- Die aard en ingewikkeldheid van die werk. √√
- Die grootte van die onderneming en mannekragvereistes. √√
- Koppesnel (persoonlike werwing) vir voorkeurkandidate. √√
- Enige ander gepaste motivering wat verband hou met die stappe.

Nee (2)
Motivering (2)
Maks. (4)

8.7 Gevolgtrekking

- 'n Doeltreffende menslikehulpbronne-werwingsproses sal 'n lae werknemeromset vir die maatskappy verseker. √
- Hierdie aktiwiteit moet verseker dat die geskikte kandidaat met die relevante vaardighede en ervaring aangestel word in die pos, om die maatskappy in staat te stel om sy doelwit te bereik. √
- Enige ander gepaste antwoord in verband met die gevolgtrekking.

(enige 2 x 1)

Uiteensetting van punttoekenning:

Besonderhede	Maksimum	Verminder na	Subtotaal	Totaal
Inleiding			3	MAKSIMUM 32
Werwing	Opskrif 2	Maks 8	36	
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Keuring/Kortlys	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Onderhoud	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Induksie/Oriëntering	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Plasing	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Opleiding	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Afdanking	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Opvolgbeplanning	Opskrif 2	Maks 8		
	Bespreking 6			
	Belangrikheid 2			
Werknemer kontrakte	Bespreking 6	Maks 8		
	Belangrikheid 2			
Volg aktiwiteite/stappe Motivering	Ja/Nee 2	Maks 4		
	Motivering 2			
Gevolgtrekking			2	
INSIG (SASO)				
Struktuur/Uitleg				2
Ontleding, interpretasie				2
Sintese				2
Oorspronklikheid Voorbeelde				2
TOTALE PUNTE				40

- SASO – Vir elke komponent
Ken 2 punte toe indien aan alle vereistes voldoen is.
Ken 1 punt toe indien aan sommige vereistes voldoen is.
Ken 0 punte toe waar aan geen vereistes voldoen is nie.

TOTAAL AFDELING C: 80

GROOTTOTAAL: 300